**SAAMPRAATPAPIER** **22 JUNIE 2014**

**LEES Gen 45: 1-15 en 25 – 28 asook Gen 49:50:12 – 21**

**Ons sien hier:** JOSEF veroordeel nie sy broers nie, en bly by die **KEUSE** wat hy vir vergifnis gemaak het.

**Hoekom?**

1. **Omdat Josef *ANDERS* na die verlede kyk as sy broers.**

Die broers kyk na wat hulle self gedoen het in die verlede en heel gepas is hulle bang. Josef kyk egter na die **groter prentjie – dít wat God reg gekry het deur die presiese gang van die verlede, die kwaad ingesluit.** En **Josef kyk na die droom wat God hom in sy jeug gegee het**, en hy hou dít in gedagte, nie die skuld van sy broers nie óf sy verlore jeug nie.

En wat Josef raaksien, is dat ***MET GOD,* DIE SLEGSTE GOED NOOIT DIE LAASTE GOED IS NIE!**

- God kan altyd nóg iets doen, as dinge lyk asof dit uit mekaar val.
- Die slegste goed is nooit die laaste goed nie.
- Sy hand word juis in die donkerste tye sigbaar.
- Selfs mense se bose planne verlam nie God se planne nie.
- Mense beplan, maar die laaste woord kom van die Here af
- Bose planne dwarsboom nie God se planne nie, menigmaal bevorder dit juis wat Hy wil doen!

**GETUIG/DEEL MET MEKAAR IN DIE GROEP SITUASIES UIT JOU EIE LEWE WAAR JY BOGENOEMDE ERVAAR HET**

2. Josef kyk nie net anders na die verlede as sy broers nie. **Hy VERBIND hom aan die goeie wat God beplan – dit is waarvoor hy kyk en dit is waarvoor hy lewe.**

- Daarom verklaar hy dat hy sal sorg dat daar kos vir sy broers se kinders is.
- Josef aanvaar dus verantwoordelikheid om deel van God se goeie plan vir die toekoms te wees.
- Uiteindelik word ’n familie wat deur haat uitmekaar geskeur is, weer in harmonie met mekaar gebring.

**WAT LEER DIT VIR ONS?**

- Dat die slegste goed nooit die laaste goed is nie – daar is altyd weer hoop, nie die hoop op haat soos die broers gevrees het nie, maar die hoop op die liefde.
- En dat ons ons kan verbind aan die goeie wat God beplan – die droom van God om die goeie uit die kwaad te voorskyn te bring.
- Ons kan ons verbind om aktief **die roeping te aanvaar** om deel van God se goeie toekoms te wees. Josef se rol is immers **nie om sy broers terug te kry nie**, maar om hulle te versorg; **nie om hulle te veroordeel nie,** maar om aan hulle ’n tuiste te gee.

**BID SAAM EN VERBIND JULSELF OM AKTIEF GOD SE ROEPING TE AANVAAR OM DEEL VAN GOD SE GOEIE TOEKOMS TE WEES.**

*(met erkenning aan Dr Chris van Wyk, NG Somerstrand)*